

Saterdag 6 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 13:1-16

Fokusgedeelte: Eksodus 13:9,
16

Word herinner aan die Here se krag en jou redding

Met die tiende plaag het die Here die Egiptenare se eersgeborenes getref met die dood. Die Israeliete se eersgeborenes is wel gered deur die Here se genade. Daarom behoort die eersgeborenes aan die Here. Mens kan selfs sê al die Israeliete behoort aan die Here.

Ons lees van die redding elke keer as ons die wet lees: “Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.” Die Here se kragtige redding is wel nie net van toepassing op die eersgeborenes en die Israeliete wat daardie tyd gered is van die tiende plaag en uit Egipte nie. Die redding was van toepassing op elke gesin en familie wat gebore is uit die volk van Israel.

Daarom moes die ouers hulle kinders die heelyd herinner aan die kragtige daed van die Here. Die vader moes aan sy seun verduidelik hoekom die gebruike daar is. Wanneer die fees van ongesuurde brode gevier word, wanneer die losprys van ’n eersgeborene betaal word. Die kinders en die volk se aandag moes die heelyd gerig word op die Here se krag en sy genade. Dit is nie net geskiedenis nie, dit is ’n realiteit wat jou lewe behoort te verander.

Ons kan vandag nog steeds terugkyk na die geskiedenis. Ons kan kyk na Israel wat uit Egipte gered is. Nog meer kan ons na die kruis van Jesus Christus kyk. Dan kan ons beslis weet: dit is nie net geskiedenis nie. Dit is ’n realiteit wat nou nog ’n impak op ons het. Ons kan die kragtige daed van God gerus weer en weer in herinnering bring.

Sing: Psalm 105-1:1, 5

Ds. Z van’t Zand (Zander) (Middelburg-Noord)